DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

23 Mei 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Joh 3: 1-21, Eseg 36: 25-27, Gal 5: 22-26 |
| **Tema** | Pinkster is om van Bo-af nuutgebore te word. |
| **Sang** | Psalm 2: 1, 6<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 130: 1, 2, 4<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2<br>Skrifberyming 14-3: 1, 4 |

Ons herdenk die uitstorting van die Heilige Gees op die 50 ste dag na die opstanding van ons Here Jesus Christus en 10 dae na die hemelvaart. Jesus het vroeg in Sy bediening met Nikodemus oor die saak van wedergeboorte gepraat. Om die koninkryk "te sien", beteken om dit te ervaar, te beleef, daaraan deel te hê (kyk Joh 3:36; Luk 9:27). En dit is dieselfde as om in die koninkryk "in te gaan".

Bloot taalkundig gesproke is daar uiteraard 'n betekenisverskil tussen sien en ingaan. In vers 3 en 5 word "sien" en "ingaan" as sinonieme gebruik. Mens sou hoogstens kon sê dat "sien" die gedagte tuisbring dat mens die verband tussen die koninkryk van God en die openbaring daarvan in die persoon van Jesus Christus moet kan sien, d w s begryp, aanvaar. Maar dit is in wese dieselfde as om deur Christus die koninkryk in te gaan.

Vers 5 verduidelik breër wat dit beteken om "weer gebore" te word (v3). V 5 sê dat om "weer gebore te word" beteken om "uit water en Gees" gebore te word. Om die verband tussen hierdie twee verse te verstaan, moet ons eers iets sê oor die "weer" van weer gebore. Die Griekse woord (anōthen) wat in v3 met "weer" gebore (1953 Vertaling) of met "opnuut" gebore (1983 Vertaling) vertaal word, is dubbelsinnig en kan ook met "van bo-af" gebore vertaal word. Die Johannes is bekend daarvoor dat hy soms doelbewus begrippe gebruik wat dubbele betekenisse het. Beide betekenisse van "weer" en "van bo-af" is moontlik en waar: as jy "weer" gebore word, word jy terselfdertyd "van Bo-af" gebore, dws deur God se Gees nuut gemaak. Dan is dit asof jy weer soos 'n kind van vooraf moet leer dink, praat en loop; jy moet leer hoe om te leef in God se koninkryk. En dit is dieselfde as wat Matt 18:3 sê: "As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie." Wedergeboorte dui op die werk van God se Gees wat mense nuut maak, sodat hulle soos God kan begin dink en kan verstaan hoe God se koninkryk werk. Jy kry hemelse insig en wysheid.

Waarom die Leermeester se "onkunde" oor die wedergeboorte? Johannes lei ons dmv die "onkunde" van Nikodemus om ons van 'n aardse na 'n geestelike werklikheid te lei. Voorbeeld - Die dissipels vra Jesus oor die plek waarnatoe Hy gaan in hfst 13:36-14:14. Daarom vra/versoek hulle: Waarheen gaan U?; toon ons die Vader. Johannes gebruik die vrae om Jesus aan die woord te stel oor Sy tuiste, Sy verhouding met die Vader, en oor die dissipels se eintlike plek en toekoms. Hulle "onkunde" lei dus tot dieper onderrig van Jesus oor sy – en hulle! – ware identiteit. Jesus lei hom van die letterlike fisiese geboorte na die geestelike geboorte wat God deur sy Gees bewerkstellig.

Nikodemus moes as Fariseër geweet het van die OT beloftes dat God in die laaste dae Sy volk deur die Gees sal vernuwe. Jes en Joël profeteer van die Gees wat in die eindtyd van Bo uitgestort sal word. In Eseg 36:25-27 word die verband tussen die reinigende krag van water en God se Gees gelê: Hy sal sy volk reinig met suiwerende water, 'n nuwe gees in hulle binneste gee wat gewillig is om God se gebooie te doen, en sy Gees in hulle gee. Die gedagte vervat in Joh 3:5 dat iemand uit water en Gees gebore moet word, is dus nie onbekend vanuit die OT nie. Ook die gedagte van kinders van God te wees, d w s om deur God "verwek" te word, kom in die OT voor. Israel word God se seun genoem (Eks 4; Deut 32; Hos 11); in die huis van Dawid word die konings seuns van God genoem wat deur God "verwek" is (Ps 2:7). Nikodemus het dalk nie kennis gehad van die spesifieke manier waarop Jesus oor 'n geestelike hergeboorte praat nie, maar sou en moes hy vanuit sy kennis van die OT verstaan het waarop Jesus dui toe Hy oor die saak gepraat het. Die gesprek oor die wedergeboorte deur water en Gees, naamlik die nuwe bestaan waar God jou deur sy Gees sy kind maak, jou reinig en geskik maak vir sy koninkryk sodat ons vandag die vrug van die Gees in Gal 5: 22 – 26, kan leef.

Nikodemus se onkunde is nie misplaas nie, en is binne die groter geheel van die Evangelie 'n aanklag teen die Joodse geestelike leiers van Jesus se tyd, waarvan Nikodemus 'n verteenwoordiger was, dat hulle nie die tyd van Israel se vernuwing deur Jesus se werk kon herken nie. Die Heilige Gees gee alleen toegang tot die geestelike ryk van God. Danksy die Gees weet ek dat Jesus van Nasaret die Seun van God is en die Redder van die kosmos is. Danksy die Heilige Gees is ek verseker dat God al my sondes vergewe het. Die Heilige Gees bring my by ware belydenis en soeke na vergifnis.

Ons weet nie of Nikodemus tot geloof in Christus gekom het nie. Ons lees 2x van hom verder. Hy waarsku die Raad dat hulle Jesus nie sonder verhoor kan veroordeel nie en vat 50 liter geurolie om Jesus se liggaam te behandel en in 'n nuwe graf te plaas. Maar glo hy werklik?

Glo jy werklik? Is jy van Bo-af gebore?

# TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **23 Mei 2021** | Colette Du Plessis | C3 | **30 Mei 2021** | Hou die Basuin dop |
| | Retha Grobler | C2 | | |
| | Karen Kruger | C3 | | |
| | Anna-Mart Maré | C4 | | |
| | Annemarie Koekemoer | C2 | | |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# OOG VIR MEKAAR



* Neem asb kennis dat die kerkraad vergader op Sondag 23 Mei om 09:15 buite by die braai area.
* Ons dank die Here dat Hy vir Tannie Esther Venter deur die mondoperasie gelei het en dat sy op die pad na herstel is. Ons bid haar en die familie die seën van die Here toe.
* Gerda Coetzer is in die Kloof Mediclinic in Pretoria opgeneem met derm-obstruksie. Ons bid die Here se ondersteuning en bystand in haar pyn en ongemak.
* Ons bid vir Gerhard en Martie Maritz die rustigheid van die Heilige Gees toe met die operasie DV komende Vrydag om verdere kwaad uit te sny. Ons bid julle 'n geseënde reis toe.
* Rika Schutte se chemobehandeling duur voort. Ons bid vir haar en die familie.
* Antoinette Sauerman se voete het met kookwater gebrand. Ons bid haar spoedige herstel en genesing toe.
* Alta Theron het as skriba van die breëkerkraad verg. bedank. Ons wil haar bedank vir haar diens deur die jare en hoop dat sy nou lekker gaan rus. Die kerkraad het dan ook vir Nantes Kotze as skriba aangegestel en hy vat nou oor van Alta. Baie sterkte aan hom ook.
* Die kerkraad het 'n bedrag bewillig vir die aankoop van Bybels vir verspreiding in Botswana. Lidmate wat ook 'n bydrae wil maak kan dit doen deur 'n bedrag in te betaal met Bybelverspreiding as verwysing.

# DIAKONIE

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skenkings van lyfroom en lip salf, ons het baie afgetrede lidmate wat in ouetehuise woon en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke ook leeg, en daarom vra ons skenkings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en ’n “stock” blokkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan ’n hele gesin die winter van ’n smaaklike ete voorsien.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 23 MEI 2021

**Diensbeurt:** Wyk A1

**Katkisasie:**

**Ouderling:** **Gideon De Klerk**

**Diaken:** Gary Carlisle



## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,*

*jou lewe sal Hy beskerm.*

*Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,*

*nou en vir altyd.*

*Psalm 121: 7 , 8*


# KALENDER


**_Verjaarsdae_**

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend /Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 23 Mei | ***Lizzy Odendaal ****<br>Tegan Kuilder | ***79***<br>18 | B<br>D | 064 857 8199<br>073 499 4735 |
| Di 25 Mei | ***Kotie Erasmus *****<br>Anna-Mart Maré<br>Ziany Kuilder<br>Illse Marx<br>Derik Marx<br>Ruben Van Ree | ***84***<br>34<br>20<br>20<br>20<br>16 | B<br>B<br>B<br>B<br>B<br>D | 082 651 6301<br>082 318 7263<br>073 499 4735<br>079 880 7530<br>072 085 6972<br>082 672 2511 |
| Do 27 Mei | Su-Marie Stander | 34 | B | 074 580 3739 |
| Vr 28 Mei | Japie Hoogenboezem<br>Danie Slabbert | 59<br>53 | B<br>B | 082 891 3021<br>082 557 8705 |
| Sa 29 Mei | Christelle Botha<br>Annemarie Koekemoer | 41<br>30 | B<br>B | 082 493 4223<br>082 361 2427 |

# DATUMS OM TE ONTHOU


| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 24 Mei 2021 | 18:15 | Pastorie | Finans Komm. Verg |
| 25 Mei 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 26 Mei 2021 | 19:00 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 26 Mei 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 27 Mei 2021 | 09:30 | Alta Thjeron | Bybelstudie |
| Sondae na | erediens | Gideon De Klerk | Bybelstudie |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
FEB
MRT
APR
R 90 101.00
R 185 229.13
R 89 376.00
R 111 985.41
R 138 076.00
R 165 010.45
R 118 424.20
R 150 962.46
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
R 9 420.00
R 25 297.05
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.*

*Johannes 3: 5, 6.*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS